Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IHISTA1*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie VRAESTEL bestaan uit SES vrae wat op die KABV-inhoudsraamwerk gebaseer is: DRIE brongebaseerde vrae in AFDELING A en DRIE opstelvrae in AFDELING B.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19$^{de}$ EN 20$^{ste}$ EEU

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

   VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

   VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19$^{de}$ EN 20$^{ste}$ EEU

2. Bronmateriaal wat nodig is om brongebaseerde vrae te beantwoord kan in die bygaande ADDENDUM VAN BRONNE gevind word.

3. Elke vraag tel 50 punte.

4. Kandidate moet DRIE vrae beantwoord.

   4.1 Ten minste EEN moet ʼn brongebaseerde vraag wees en EEN ʼn opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. Wanneer kandidate vrae beantwoord, moet hulle toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

7. Blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal tot nadeel van kandidate wees.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

9. Begin elke vraag op ʼn nuwe bladsy en trek ʼn lyn aan die einde van elke vraag.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

### VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

### WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE RUSSIESE REVOLUSIE VAN 1917?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Waarom, volgens die bron, het Vader Gapon die petisie aan die Tsaar oorhandig? (1 x 2) (2)

1.1.2 Verskaf DRIE redes waarom die werkers ongelukkig met hul werkgewers was. (3 x 1) (3)

1.1.3 Verduidelik wat Vader Gapon geïmpliseer het toe hy sê: 'Hulle het van ons slawe gemaak en hulle doen so onder die beskerming van jou amptenare, met hul hulp en samewerking'. (2 x 2) (4)

1.1.4 Wie, volgens die bron, was die:

(a) Uitbuiters van die werkersklas

(b) Die diewe van publieke fondse en plunderaars van die Russiese volk (2 x 1) (2)

1.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Tsaar op die eise van die werkers gereageer het. (2 x 2) (4)

1.1.6 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die oorsake van die Russiese Rewolusie van 1917 navors. (1 x 2) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem die TWEE foute wat daartoe bygedra het dat die Russiese bevolking ongelukkig met hul deelname aan die Eerste Wêreldoorlog geraak het. (2 x 1) (2)

1.2.2 Lewer kommentaar op die stelling: 'Dit lyk asof Rasputin se mag by die Winterpaleis elke dag toeneem …'. (2 x 2) (4)

1.2.3 Waarom dink jy het Engeland gevoel dat Rusland hulle in die steek gelaat het? (1 x 2) (2)

1.2.4 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik hoe Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog tot die ondergang van die Tsaristiese regime gelei het. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Wat dink jy was die bedoeling van die fotograaf met die publisering van hierdie foto? (1 x 2) (2)

1.3.2 Vergelyk Bronne 1B en 1C. Hoe ondersteun die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C rakende Rusland se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog? (1 x 2) (2)

1.4 Oorweeg Bron 1D.

1.4.1 Wie, volgens die bron, het die werkende vrouens aangehits om aan die staking in Petrograd deel te neem? (1 x 1) (2)

1.4.2 Noem DRIE redes waarom die werkende vroue besluit het om te protesteer. (3 x 1) (3)

1.4.3 Watter impak het die optrede van die soldate op die Tsaristiese bewind gehad toe hulle besluit het om aan die opstand teen die Tsaar deel te neem? (1 x 2) (2)

1.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Bolsjewiste daarin geslaag het om van die Tsaar tydens die Februarie-rewolusie ontslae te raak. (2 x 2) (4)

1.5 Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die oorsake van die Russiese Rewolusie van 1917 verduidelik. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

## WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE GROOT DEPRESSIE OP DIE LEWENS VAN AMERIKANERS IN DIE 1930's?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Definieer die begrip *Groot Depressie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat mans hulself doodgemaak het weens hul onvermoë om vir hul gesinne te sorg. (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom, volgens die bron, het mans hul gesinne verlaat? (1 x 2) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom twee miljoen mans en vrouens reisende hobo's geword het (2 x 2) (4)

2.1.5 Verduidelik hoe die Groot Depressie tot die ontstaan van Hoovervilles gelei het. (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat swart Amerikaners nie bewus was van die Groot Depressie nie. (1 x 2) (2)

2.2.2 Watter tipe werk het swart Amerikaners, volgens die bron, in die Suide gedoen? (1 x 2) (2)

2.2.3 Verduidelik wat Angelou bedoel het met die stelling: 'Die Depressie het dus voortgeduur lank voordat die ineenstorting in '29 plaasgevind het'. (1 x 2) (2)

2.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe Swart Amerikaners gereageer het teenoor wit hobo's wat hul gebied betree het. (2 x 2) (4)

2.2.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die effek van die Groot Depressie op swartmense in Amerika in die 1930's navors. (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Noem die organisasie wat verligting aan die mense van Alabama gebring het. (1 x 1) (1)

2.3.2 Watter gevolgtrekking kan gemaak word oor die Alabama wetgewer se houding teenoor die behoeftes van hul mense? (1 x 2) (2)

2.3.3 Noem DRIE eise wat die afvaardiging voorgestel het om die lewens van die burgers van Alabama te verbeter. (3 x 1) (3)

2.3.4 Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik die gevolge wat die Groot Depressie op onderwys in Alabama gehad het. (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik die betroubaarheid van die bron vir geskiedkundiges wat die impak van die Groot Depressie op die burgers van Alabama navors. (1 x 2) (2)

2.4 Gebruik Bron 2D.

2.4.1 Wat kan jy leer oor die impak van die Groot Depressie op die Amerikaanse burgers? Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te staaf. (2 x 2) (4)

2.4.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe ŉ werklose Amerikaner sou voel na die aanskouing van hierdie foto. (1 x 2) (2)

2.5 Deur gebruik te maak van die inligting vanuit die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van die Groot Depressie op die lewens van Amerikaners in die 1930's verduidelik. (6)

**[50]**

## VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19DE EN 20STE EEU

## HOE WAS JODE IN DUITSLAND VERVOLG?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Wanneer, volgens die bron, het die diskriminasie van Jode in Duitsland begin? (1 x 1) (1)

3.1.2 Gebruik jou eie kennis om die begrip *anti-Semitisme* te definieer. (1 x 2) (2)

3.1.3 Gee DRIE redes wat die Nazi Party gebruik het om hul diskriminasie teenoor Jode te regverdig. (3 x 1) (3)

3.1.4 Lewer kommentaar op Bernhard Losener se stelling: 'Die identifisering van 'n Jood was totale chaos'. (1 x 2) (2)

3.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om die gevolge van die diskriminasie op die Joodse gemeenskap te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.1.6 Verduidelik waarom Hitler se behandeling van die Jode nie geregverdig kan word nie. (1 x 2) (2)

3.2 Oorweeg Bron 3B.

3.2.1 Hoe, volgens die bron, was Jode in Nazi-besette Europa geïdentifiseer? (1 x 2) (2)

3.2.2 Noem TWEE redes waarom Jode die ster van Dawid moes dra. (2 x 1) (2)

3.2.3 Waarom dink jy was dit nodig vir Hitler om die Jode na konsentrasiekampe te stuur? (2 x 2) (4)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om Hitler se Finale Oplossing vir die Jode te verduidelik. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Wat dink jy was die bedoeling van die fotograaf met die publisering van hierdie foto? (2 x 2) (4)

3.3.2 Vergelyk Bronne 3B en 3C. Hoe ondersteun die inligting in Bron 3B die bewyse in Bron 3C met betrekking tot die behandeling van Jode? (1 x 2) (2)

3.4 Verwys na Bron 3D.

3.4.1 Watter metode, volgens die bron, was gebruik om Jode op ŉ groot skaal by die Chelmno-uitwissingskamp te vermoor? (1 x 1) (1)

3.4.2 Lewer kommentaar oor waarom jy dink die Duitsers vir die Jode gelieg het oor die doel waarom hulle moes gaan stort het. (2 x 2) (4)

3.4.3 Noem die DRIE stappe wat die Duitsers gebruik het om die Jode in die Chelmno-uitwissingskamp dood te maak. (3 x 1) (3)

3.4.4 Waarom dink jy het die Duitsers besluit om die Chelmno-uitwissingskamp in September 1944 te vernietig? (2 x 2) (4)

3.5 Deur gebruik te maak van die inligting vanuit die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Jode in Duitsland vervolg was. (6)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

Verduidelik tot watter mate Stalin daarin geslaag het om Rusland in ŉ supermoondheid teen 1939 te omskep. **[50]**

### VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

'Franklin Roosevelt se Nuwe Bedeling was suksesvol in die hantering van Amerika se ekonomiese probleme in die 1930's.'

Stem jy saam met die stelling? Staaf jou antwoord met relevante historiese bewyse. **[50]**

### VRAAG 6: IDEES VAN RAS IN DIE LAASTE 19$^{DE}$ EN 20$^{STE}$ EEU

'Pseudo-wetenskaplike teorieë van sosiale Darwinisme en Eugenetika het ŉ negatiewe invloed op die inheemse bevolking van Australië gehad.'

Bespreek die geldigheid van hierdie stelling deur te verwys na die behandeling van die inheemse bevolking (Aborigines) deur die Australiese regering. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*IHISTA3*

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

## WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE RUSSIESE REVOLUSIE VAN 1917?

## BRON 1A

Hierdie bron is 'n uittreksel uit die petisie van Vader Gapon aan die tsaar op 5 Januarie 1905 by die Winterpaleis. Die petisie het die ongelukkigheid van die werkersklas uiteengesit en gevra vir ekonomiese en politieke hervormings.

'Ons, werkers en inwoners van die stad St. Petersburg ... het na u toe gekom, Soewerein, om geregtigheid en beskerming te soek. Ons is arm en onderdruk, ons word belas met werk en word beledig. Ons eerste versoek was dat ons werkgewers ons behoeftes met ons bespreek. Maar hulle het geweier om dit te doen. Ons ander versoeke was ook onwettig: om die werksdag tot agt uur te verminder; dat hulle saam met ons, ons salaris moet vasstel en dat ons daarmee kan saamstem.

Hulle het ons verslaaf en hulle het dit gedoen onder die beskerming van u amptenare, met hul hulp en met hul samewerking. Hulle arresteer en verban diegene van ons wat die moed het om namens die belange van die werkersklas en die mense te praat.

Sou dit nie beter wees as ons, die slagoffers van die hele Rusland, sou sterf nie? Laat die kapitaliste – uitbuiters van die werkersklas – en die burokrate – swendelaars (diewe) van publieke fondse en die plunderaars van die Russiese bevolking – leef en hulself geniet.

Hier soek ons ons laaste verlossing ... Gee die opdrag, sweer om aan hierdie behoeftes te voorsien, en u sal Rusland gelukkig sowel as heerlik maak, en u naam sal vir altyd in ons harte en die harte van ons nageslag bly. Maar as u nie die bevel gee nie, as u nie op ons gebed reageer nie, sal ons hier sterf, op hierdie plein voor u paleis. Daar is net twee paaie vir ons, die een na vryheid en geluk, die ander na die graf."

[Uit https://alphahistory.com/russianrevolution/bloody-sunday-petition-1905. Toegang op 05 April verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 1B**

Hierdie bron is ŉ uittreksel uit ŉ boek geskryf deur Meriel Buchanan, dogter van die Britse ambassadeur in Rusland wat tussen 1910 en 1918 in St. Petersburg gewoon het. Die bron verduidelik die oorsake van die groeiende onrus in 1916.

'Die klagtes het van alle kante gekom van ŉ volk wat deur die oorlog uitgeput is, ontnugter, verlore in ŉ eindelose kring van foute. Generaal Polivanov [Minister van Oorlog] is vervang deur ŉ swak, kleurlose man wat niks gedoen het om die stygende ontevredenheid in die leër te stuit nie. Sergey Sazanov, wat die minister van buitelandse sake vir byna ses jaar was, wie se liefde vir sy land en vir Engeland gehelp het om die twee groot nasies bymekaar te hou, is vervang met Sturmer, die man met die Duitse naam en Duitse simpatie.

Voedsel het al hoe skaarser geword, die toue buite die broodwinkels het regdeur die lengte van die pad gestrek. Daar is uit alle oorde gesê dat die handelaars en winkeliers groot winste opgebou het ten die koste van die mense.

Dit lyk asof Rasputin se mag by die Winterpaleis elke dag toeneem ...

Ek het al gehoor dat mense met waagmoed albei doen sedert ek terug is in Engeland. 'Rusland het ons verraai!' 'Rusland het ons in die steek gelaat!' Hoe gereeld hoor ons hierdie frases – maar weet die mense wat dit sê hoe Rusland gely het? Het hulle in die eerste jare van die oorlog in Rusland gewoon, die tekort aan elke soort ammunisie, die verskriklike lyding van die troepe, die hartverskeurende verliese tydens daardie terugwyking gesien toe die soldate geen wapens gehad het om hulself te verdedig maar terug moes veg met stokke en klippe?

[Uit *Petrograd: The City of Trouble*, 1914–18 deur Meriel Buchanan]

Kopiereg voorbehou

## BRON 1C

Die onderstaande bron beeld Russiese krygsgevangenes uit, na die Slag van Tannenberg, Augustus 1914.



[Uit http://greatwarproject.org/wp-content/uploads/2014/08/web-tannenberg-getty.jpg. Toegang op 05 April verkry.]

**BRON 1D**

Die onderstaande bron is ŉ uittreksel uit ŉ artikel geskryf deur die Kommunistiese Party van die Sowjetunie in 1938. Dit gee ŉ Sowjet-weergawe van die Februarie-rewolusie van 1917.

Op 18 Februarie 1917 het ŉ staking by die Putilov-werke in Petrograd uitgebreek. Op 23 Februarie, op versoek van die Petrograd-Bolsjewiste, het werkende vroue in die strate uitgekom om teen honger, oorlog en tsaristiese bewind te betoog. Die politieke staking het tot ŉ algemene politieke betoging teen die tsaristiese stelsel begin groei. Op 24 Februarie is die betoging met nog groter ontevredenheid hervat. Ongeveer 200,000 werkers was reeds besig om te staak ...

Op 26 Februarie het die Bolsjewistiese Sentrale Komitee ŉ manifes uitgereik waarin hulle gevra het dat die gewapende stryd teen die tsaristiese bewind en die vorming van ŉ voorlopige rewolusionêre regering voortgesit moet word. Op 27 Februarie het die troepe in Petrograd geweier om op die werkers te skiet en hulle het saam met die mense in opstand gekom. Die getal soldate wat teen die oggend van 27 Februarie by die opstand aangesluit het, was nog nie meer as 10 000 nie, maar teen die aand was dit reeds meer as 60 000.

Die werkers en soldate wat in opstand gekom het, het tsaristiese ministers en generaals begin arresteer en het die rewolusionêres uit die tronk bevry. Die vrygestelde politieke gevangenes het by die rewolusionêre stryd aangesluit. ... Maar die troepe het vinnig aan die kant van die werkers oorgegaan, en dit het die lot van die tsaristiese outokrasie bepaal. Toe die nuus oor die oorwinning van die rewolusie in Petrograd na ander dorpe versprei het, het die werkers en soldate oral die tsaristiese amptenare begin ontslaan. Die Februarie burger-demokratiese rewolusie het geseëvier.

[Uit https: //alphahistory.com/russianrevolution/soviet-account-of-the-february-revolution-1938. Toegang op 05 April verkry.]

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

## WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE GROOT DEPRESSIE OP DIE LEWENS VAN AMERIKANERS IN DIE 1930's?

### BRON 2A

Die bron hieronder beskryf die impak van die Groot Depressie op mans in die VSA.

Die spanning van finansiële druk het 'n sielkundige prys gehad, veral op mans wat skielik nie in staat was om vir hul gesinne te sorg nie. Die nasionale selfmoordsyfer het tot 'n hoogtepunt in 1933 gestyg.

Huwelike het gespanne geraak, alhoewel baie paartjies dit nie kon bekostig om te skei nie. Die egskeidingsyfers het gedaal gedurende die 1930's alhoewel verlatenheid toegeneem het. Sommige mans het hul gesinne verlaat as gevolg van verleentheid of frustrasie. Dit was soms 'n 'arm-man egskeiding' genoem.

Na raming het meer as twee miljoen mans en vrouens reisende hobo's geword. Baie van hierdie was tieners wat van mening was dat hulle 'n las vir hul gesinne geword het en het die huis verlaat op soek na werk. Dit was erger vir mans as hoofde van die gesinne omdat hulle nie iets op die tafel kon sit nie.

Die ry van treine – onwettige klim op van goederetreine – het 'n algemene, maar gevaarlike manier geword om te reis. Diegene wat die land deurreis het, op soek na werk, het gereeld in 'Hoovervilles' gekampeer, die dorpe vernoem na Herbert Hoover, president gedurende die vroeë jare van die Groot Depressie.

[Uit https:https//www.history.com/news/life/for-the-average-family-during-the-great-depression. Toegang op 18 Maart 2019 verkry.]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n onderhoud met Maya Angelou, gevoer deur Blackside, Inc. op 11 April 1992. Maya Angelou (geskiedkundige en burgerregte leier) beskryf die impak van die Depressie op swart gemeenskappe in die VSA.

... Hulle het in die Suide gesê dat "die Depressie tien jaar aan die gang was voordat swartmense selfs daarvan geweet het", of geweet het dat dit bestaan, en dit was veral waar in die Suide, in dorpe, in klein dorpies omdat die mense op 'n bestaansvlak geleef het. Baie was deelboere ... hulle was hul lewens verskuldig aan die maatskappywinkel. So, omdat hulle nie in staat was om onderwys te kry nie, was hulle kwesbaar vir die gierigheid en boosheid van die plaaseienaars. Aan die einde van die jaar het die boer homself in skuld bevind.

Die Depressie het dus voortgeduur lank voordat die ineenstorting in '29 plaasgevind het. Een van die maniere waarop dit die swart gemeenskap beïnvloed het, was dat die wit hobo's na die swart gebied sou kom om kos te vra. Nou, deels uit trots, en miskien aan die ander kant omdat hulle die vermoë gehad het om te identifiseer en te empatiseer met die hobo's, het swartmense altyd kos gegee. Hulle het boontjies gehad, miskien, met 'n klein stukkie gerookte vleis of gedroogde vleis, ingelegde vleis, het hulle koringbrood gehad, en swartmense sou boontjies en koringbrood aan swart hobo's gee.

[Uit http://digital.wustl.edu/cgi/t/text/text-idx?c=gds;cc=gds;rgn=main;view=text;idno=ang00031.00707.028. Toegang op 5 April 2019 verkry.]

## BRON 2C

Die onderstaande bron is ’n brief van ’n afvaardiging van die Werkloosheidsrade in Alabama, aan goewerneur Benjamin Miller en die staatswetgewer (1931) wat al die stede verteenwoordig het. Dit beskryf die lewensomstandighede van die mense en dit gee ’n lys van eise vir werkloosheidsverligting.

Terwyl die staatswetgewer in ’n spesiale sitting is, bestaan daar groot werkloosheid en groot ellende onder die mense van Alabama. Die verligting wat die Rooi Kruis verleen, is heeltemal onvoldoende en is niks anders as ’n stadige hongersnood-proses nie. Die verskillende selfhelpskemas in die stede is planne om werkloses op ’n permanente bankrotskap vlak te hou. Die omstandighede van werkloses word erger, werkloosheid neem toe en die vraag na onmiddellike verligting is die belangrikste probleem waarmee duisende werkloses en hul gesinne gekonfronteer word.

Die spesiale sessie poog nie om in hierdie behoefte te voorsien nie ... Al die sogenaamde ekonomiese maatreëls is pogings om die lewenstandaard van die mense te verlaag.

In antwoord op hierdie toestande is ons gekies as ’n afvaardiging om die volgende eise vir onmiddellike werkloosheidsverligting voor te stel, wat volgens ons voorrang moet geniet bo alle vrae wat voor die wetgewer staan.


Weeklikse verligting van $3 vir die gemiddelde gesin ...
Gratis nutsdienste **(gas, lig, water) en huur vir alle werkloses en deeltydse werkers wat minder as $7 per week verdien.
Voldoende sorg vir hawelose, jong en enkel werkers
Voorsiening vir die opening van alle skole, betaling van salarisse aan onderwysers en gratis middagetes en boeke vir skoolkinders
Stemreg vir alle werkloses sonder betaling van belastingheffing

[Uit http://digital.archives.alabama.gov/cdm/singleitem/collection/voices/id/3912/rec/14. Toegang op 26 Augustus 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2D**

Hierdie foto beeld die gevolge van die Groot Depressie uit.




[Uit https://www.bing.com/images/search?view=detailU2&id=
C4DF7F9C284C8E2CCEBFCA3537047232F6EF1D0. Toegang op 26 Augustus 2019 verkry.]

**DIE GROOT DEPRESSIE**

**WERKLOSE MANS**
**HOU VERBY**
**ONS KAN NIE OMSIEN NA ONS EIE NIE**
**KAMER VAN KOOPHANDEL**

## VRAAG 3: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19^de^ EN 20^ste^ EEU

## HOE WAS JODE IN DUITSLAND VERVOLG?

### BRON 3A

Hierdie bron verduidelik die redes vir Hitler se rassebeleid teenoor die Jode.

Diskriminasie teen Jode het onmiddellik na die nasionale magsoorname in 1933 begin. Die Nazi-party het populistiese (gewilde) anti-semitiese sienings gebruik om stemme te verkry. Deur die 'steek-in-die-rug' legende te gebruik, het hulle die armoede, die hiperinflasie in die Weimer-republiek, werkloosheid en die nederlaag van die Eerste Wêreldoorlog op die Jode en die Bolsjewiste geblameer.

Duitse ellendes was toegeskryf aan die gevolge van die Verdrag van Versailles in 1933 en die vervolging van die Jode het 'n aktiewe Nazi-beleid geword. Dit is aanvanklik vertraag deur die gebrek aan ooreenkoms oor wie gekwalifiseer het as 'n Jood in teenstelling met 'n Ariër. Bernhard Losener het dit as 'totale chaos beskryf', met plaaslike owerhede wat enigiets van volledige Joodse agtergrond tot Joodse bloed as 'n Jood gedefinieer het.

Diegene met gemengde afkoms was veral problematies in hul oë. Die eerste anti-semitiese wet is afgekondig met geen duidelike definisie van 'n Jood nie. Uiteindelik is die kriteria op drie of vier Joodse grootouers gestel, twee of een het 'n persoon 'n Mischlinge (halfras) gemaak.

Op 1 April 1933 was die Nazi-boikot van Joodse ondernemings dwarsdeur Duitsland waargeneem. Slegs ses dae later is die Wet op die Herstel van die Professionele Staatsdiens goedgekeur wat die Jode uit regeringswerksgeleenthede verban het. Hierdie wette het beteken dat Jode nou indirek ontneem of verbied was vanuit bevoorregte en hoër posisies wat vir 'Ariese Duitsers' gereserveer was. Sedertdien was Jode gedwing om in meer ondergeskikte (ongeskoolde) posisies te werk en het sodoende tweedeklasburgers geword tot die punt waar hulle onwettig in Duitsland gewoon het.

[Uit http://everything.explained.today/racial-policies of Nazi Germany. Toegang op 26 Augustus 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 3B**

Hierdie bron verduidelik die redes waarom Hitler besluit het om Jode in Duitsland te identifiseer.

Jode regoor Nazi-besette Europa was gedwing om 'n kenteken in die vorm van 'n geel ster as identifikasiemiddel te dra. Dit was nie 'n nuwe idee nie; sedert die Middeleeuse (outydse) tye het baie ander samelewings hul Joodse burgers gedwing om kentekens te dra om hulself te identifiseer.

Die kentekens is dikwels op growwe geel doek gedruk en het 'n heldergeel kleur gehad. Die ster, wat die Ster van Dawid voorgestel het, is in dik, swart lyne omlyn en die woord 'Jood' was in 'n bespotlike Hebreeuse tipe gedruk. In die Warskou-ghetto het Jode 'n wit armband met 'n blou Ster van Dawid op die linkerarm gedra. In sommige ghetto's moes selfs babas in stootwaentjies die armband of sterre dra. Joodse winkels is ook met 'n geel ster gemerk.

Die ster was bedoel om Jode te verneder en hulle vir segregasie en diskriminasie uit te ken. Die beleid het dit ook makliker gemaak om Jode te identifiseer vir deportasie na kampe.

[Uit www.bl.uk/learning/histcitizen/voices/info/yellow star/theyellowstar.html. Toegang op 26 Augustus 2019 verkry.]

## BRON 3C

Hierdie foto beeld Joodse kinders uit wat klere dra wat uitgeken was aan die Ster van Dawid.



[Uit www.bl.uk/learning/histcitizen/voices/info/yellow star/theyellowstar.html. Toegang op 26 Augustus 2019 verkry.]

## BRON 3D

Hierdie bron verduidelik hoe Jode vermoor was by die Chelmno Uitwissingskamp.

Chelmno was die eerste Nazi-kamp waar vergassing gebruik was om Jode op groot skaal te vermoor. Altesaam 320 000 mense is by Chelmno vermoor. Dit het Jode in die Lodz-ghetto en die hele gebied ingesluit, tesame met die 5 000 Roma wat voorheen na die ghetto gestuur was.

Die eerste groep slagoffers het op 7 Desember 1941 by Chelmno aangekom. Die volgende dag het die eerste uitwissing plaasgevind. Met die aankoms by die 'Paleis'-kamp was die Jode gesê dat hulle billik behandel sou word en dat hulle goeie kos sou ontvang in ruil vir die werk op die plase in Oostenryk of in die Ooste.

Daar is aan hulle gesê dat hulle moes stort om skoon te word en dat hul klere ontsmet moes word. Dit was 'n leuen. Hulle is na die kleedkamer gelei, waar hulle hul waardevolle besittings en klere prysgegee het. Maar, na hulle met trappe na die 'waskamers' gelei was, het hulle hulself in 'n gaswa bevind. Die deure was toegemaak en gesluit.

Die bestuurder het daarna die woud ingery. Na tien minute het die gasdampe al die mense binne-in die wa versmoor. Die slagoffers is in massagrafte begrawe. Die besittings van diegene wat na Chelmno gebring was, was aan Duitsers wat in die streek gewoon het, gegee of verkoop.

Die Nazi's het Chelmno in September 1944 vernietig. Hulle het bevel gegee om al die liggame uit die massagrafte op te grawe en te veras.

[Uit https://www.theholocaustexplained.org/the-final-solution/the-death-camps/. Toegang op 26 Augustus 2019 verkry.]

**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in die addendum gebruik is, is uit die volgende publikasies geneem of aangepas.

https://alphahistory.com/russianrevolution/bloody-sunday-petition-1905

*Petrograd: The City of Trouble*, 1914–18 by Meriel Buchanan

http://greatwarproject.org/wp-content/uploads/2014/08/web-tannenberg-getty.jpg]

https://alphahistory.com/russianrevolution/soviet-account-of-the-february-revolution-1938

https:https//www.history.com/news/life/for-the-average-family-during-the-great-depression

http://digital.wustl.edu/cgi/t/text/text-idx?c=gds;cc=gds;rgn=main;view=text;idno=ang00031.00707.028

http://digital.archives.alabama.gov/cdm/singleitem/collection/voices/id/3912/rec/14

https://www.bing.com/images/search?view=detailU2&id=C4DF7F9C284C8E2CCEBFCA3537047232F6EF1D07

http://everything.explained.today/racial-policies of Nazi Germany

https://www.history.com/topics/world-war-ii/the-holocaust

www.bl.uk/learning/histcitizen/voices/info/yellow star/theyellowstar.html

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2019

# GESKIEDENIS V1
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 22 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | 30% (15 punte) |
| VLAK 2 | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | 40% (20 punte) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | 30% (15 punte) |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ‘n standpunt in te neem in die beantwoording van ‘tot watter mate’ vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

Kopiereg voorgehou 

**Paragraafvraag**
Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar bv.

__________ . ______________________ . _______________
_______________ . ______________________ . __________
√√√√
Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ____________________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | R |
| • Analise | A√ |
| • Interpretasie | I√ |
| • Argument | LOA ↕ |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van ŉ opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

### SLEUTELVRAAG: WAT WAS DIE OORSAKE VAN DIE RUSSIESE REVOLUSIE IN 1917?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'om geregtigheid en beskerming te soek' (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Werkgewers weier om ons behoeftes met ons te bespreek.
- Hulle het geweier om die werksdag tot agt uur te verminder
- Hulle het geweier om met ons, ons salaris vas te stel (3 x 1) (3)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hul verslawing was deur die tsaar en sy beamptes goedgekeur
- Die tsaar en sy beamptes het die uitbuiting van die werkersklas ondersteun
- Die uitbuiting van die werkersklas was deur die tsaar en sy amptenare volgehou
- Die tsaar en sy amptenare het nie die werkersklas teen die uitbuiting beskerm nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
(a) Kapitaliste

(b) Burokrate (2 x 1) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Tsaar het geweier om na sy onderdane te luister
- Hy het sy soldate opdrag gegee om die optog te beëindig
- Soldate het op die betogers geskiet – baie dood geskiet
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2)

1.1.6 *[Bepaling van betroubaarheid van Bron 1A – V3]*
**Betroubaar**
- Dit is 'n uittreksel uit 'n petisie – eerstehandse inligting
- Vader Gapon was 'n aktiewe lid en leier van die betogers
- Die datum van die petisie stem ooreen met die werklike datum van die gebeurtenis
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Generaal Polivanov is vervang deur 'n swak, kleurlose man wat niks gedoen het om die stygende ontevredenheid in die leër te stuit nie.
- Sergey Sazanov was vervang met Sturmer, die man met die Duitse naam (2 x 1) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Rasputin het 'n groot invloed oor die Tsaar gehad.
- Rasputin het die Tsaar en Tsarina beïnvloed om sekere besluite te neem
- Rasputin het die land indirek bestuur terwyl die Tsaar op die oorlogsfront was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Rusland het Sazanov met die Duitsgesinde Sturmer vervang
- Rusland kon nie die oorlog teen Duitsland volhou nie.
- Russiese nederlae teen die Duitsers het die Britse oorlogspoging bemoeilik
- Met Rusland verslaan, kon Duitsland nou al sy troepe teen Engeland mobiliseer.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Rusland was onvoorbereid vir die oorlog maar die Tsaar volhard
- Russiese leer het 'n tekort aan wapens gehad – wat tot nederlae gelei het
- Russiese leer is verslaan maar die Tsaar weier om aan die oorlog te onttrek
- Mislukte oorlogspoging lei tot ontevredenheid en opstand teen die Tsaar
- Oorlog lei tot groot voedseltekorte – gevolglike protes-opstande.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Om te wys dat die Russiese troepe tydens die oorlog verslaan was
- Om te wys dat Rusland nie in staat was om hul oorlogspoging voort te sit nie
- Om die lae moraal van die Russiese soldate uit te wys
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Vergelyking van bronne om ooreenkomste vas te stel – V3]*
- Bron 1B noem dat die mense moeg was van die oorlog en dit word ondersteun in Bron 1C wat die moegheid van die soldate uitbeeld
- Bron B praat van die nederlae van die Russiese leer wat duidelik in Bron 1C uitgebeeld word
- Bron 1B noem dat die soldate geen wapens gehad het nie en dit word ondersteun in Bron 1C wat duidelik uitwys dat die soldate geen wapens gehad het nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.4 1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Petrograd-Bolsjewiste (1 x 2) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Betoog teen honger
- Oorlog
- Tsaristiese bewind (3 x 1) (3)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Tsaar het die ondersteuning van sy soldate verloor.
- Tsaar kon nie meer sy mense onderdruk nie
- Tsaar was geforseer om te abdikeer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

\

- Tsaristiese ministers en generale was gearresteer en toegesluit
- Sleutel regeringinstellings en geboue was deur die Bolsjewiste oorgeneem
- Voorlopige regering was met Bolsjewiste vervang
- Winterpaleis is met 'n staatsgreep oorgeneem
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Paragraaf – Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
- Werkers in St. Petersburg was ontevrede met werkgewers (Bron 1A)
- Vader Gapon lewer petisie vir Tsaar en vra vir geregtigheid en beskerming (Bron 1A)
- Werkers ontevrede met kapitalistiese uitbuiting (Bron 1A)
- Tsaar weier om na werkers te luister en beveel soldate om op hulle te skiet (eie kennis)
- Bloedige Sondag was die eerste teken van die rewolusie (eie kennis)
- Rusland swak voorberei vir oorlog (Bron 1B)
- Russiese troepe tekort aan wapens en word verslaan op die oorlogsfront (Bron 1B)
- Ongewilde Rasputin se invloed oor die tsaristiese bewind neem toe (Bron 1B)
- Nederlae lei tot ontevredenheid onder Russiese bevolking (eie kennis)
- Nederlae lei tot voedseltekorte en tekorte lei tot optogte teen die Tsaar (Eie kennis)
- Rusland verslaan by Tannenberg – lei tot optogte (Bron 1C)
- 1917 groot optog in Petrograd teen hongersnood, oorlog en tsaardom Bron 1D)
- Soldate weier om optogte te onderdruk en sluit aan by die betogers (Bron 1D)
- Dit lei tot die einde van tsaristiese bewind (Bron 1D)
- Bolsjewiste raak ontslae van die Voorlopige regering (Eie kennis)
- Bolsjewiste arresteer regeringsamptenare (Bron1D)
- Bolsjewiste neem Winterpaleis oor (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord (6)

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse.<br>• **Toon geen of min begrip van die oorsake van die Russiese Rewolusie van 1917.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp.<br>• **Toon ŉ mate van begrip van die oorsake van die Russiese Rewolusie van 1917**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse.<br>• **Toon ŉ deeglike begrip van die oorsake van die Russiese Rewolusie van 1917.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **5–6** |

(6)
**[50]**

**VRAAG 2: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940**

**SLEUTELVRAAG: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE GROOT DEPRESSIE OP DIE LEWENS VAN AMERIKANERS IN DIE 1930's?**

2.1 2.1.1 *[Omskrywing van historiese begrippe uit Bron 2A – V1]*
- Verwys na die gevolge van die ineenstorting van die aandelebeurs in Amerika
- Tydperk van ekonomiese agteruitgang en armoede as gevolg van die ineenstorting van die aandelebeurs in 1929
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Die nasionale selfmoordsyfer het tot 'n hoogtepunt in 1933 gestyg. (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- As gevolg van verleentheid of frustrasie. (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Baie mans en vroue was werkloos en het werk gaan soek.
- Baie mans en vroue het hul huise verloor en was op soek na verblyf
- Baie mans en vroue het voedsel gaan soek
- Enige relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Baie families het hul huise verloor
- Banke het huise afgeneem en baie families het dakloos geword
- Mense het opslaanhuise uit afvalmateriaal gebou
- President Hoover kon nie die mense van behoorlike behuising voorsien nie.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- '... die depressie tien jaar aan die gang was voordat swartmense selfs daarvan geweet het, of geweet dat dit bestaan het' (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Deelboere of bestaansboere (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Swartmense het in armoede geleef voor die uitbreek van die Depressie
- Die effek wat die Groot Depressie op blanke Amerikaners gehad het, was lankal deur swart Amerikaners ervaar
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

Kopiereg voorgehou 

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Hulle het die blankes aanvaar
- Hulle was simpatiek gesind teenoor Blanke hobo's
- Hulle het Blanke hobo's van voedsel voorsien
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.5 *[Bepaling van bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*
**Bruikbaar**
- Dit is 'n uittreksel uit 'n onderhoud – eerstehandse inligting
- Angelou was 'n Burgerregteleier wat begrip vir die lot van swartmense gehad het
- Angelou haarself was swart – het dus armoede beleef
- Angelou is 'n geskiedkundige – gee dus 'n ingeligte weergawe van die onderwerp
- Bron wys dat swart mense in armoede en ellende geleef het lank voordat die Depressie uitgebreek het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Rooi Kruis (1 x 1) ()

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Hulle het nie omgegee vir hul onderdane nie
- Die wetgewer se planne was uit voeling met die behoeftes van hul mense
- Die wetgewer het nie die mense geraadpleeg aangaande die verligtingsprogramme nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2C – V1]*
- Weeklikse verligting van $3 vir die gemiddelde gesin ...
- Gratis nutsdienste ** (gas, lig, water) en huur vir alle werkloses en deeltydse werkers wat minder as $7 per week verdien.
- Voldoende sorg vir hawelose, jong en enkel werkers
- Voorsiening vir die opening van alle skole, betaling van salarisse aan onderwysers en gratis middagetes en boeke vir skoolkinders
- Stemreg vir alle werkloses sonder betaling van belastingheffing (Enige 3 x 1) (3)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Onderwys het tot 'n stilstand gekom
- Skole het gesluit
- Mense het nie geld gehad om skoolfooie te betaal nie
- Daar was nie genoeg geld om in die basiese behoeftes van onderwys te voorsien nie – salarisse en handboeke
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.5 *[Bepaling van betroubaarheid van Bron 2C – V3]*
- **Betroubaar**
- Die bron is 'n brief – eerstehandse inligting
- Die inligting in die bron kan bevestig word deur ander historiese bronne
- Die datum van die brief 1931 stem ooreen met die tydperk van die depressie
- Die doel van die bron was om die lesers in te lig en nie om te oortuig nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Groot Depressie het tot grootskaalse werkloosheid gelei
- Amerikaanse ekonomie het in duie gestort
- Amerikaanse Kamer van Koophandel kon nie eens hul eie lede se belange beskerm nie
- Amerikaanse Kamer van Koophandel kon nie werksgeleenthede vir werkloses verskaf nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Analise van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Hy sou mismoedig gevoel het.
- Hy sou kwaad en gefrustreerd gevoel het teenoor die regering.
- Hy sou depressief gewees het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse vanuit relevante bronne – V3]*
- Groot Depressie het 'n negatiewe impak op Amerikaners gehad (Eie kennis)
- GD het sielkundige gevolge gehad, veral op mans (Bron 2A)
- Selfmoord, verlating en egskeidings was 'n alledaagse verskynsel onder mans (Bron 2A)
- Miljoene mans en vroue het werkloos geword (Bron 2A)
- Miljoene Amerikaners het hobo's geraak (Bron 2A)
- Miljoene Amerikaners het in Hoovervilles/opslaan-huise gewoon (Bron 2A)
- Swart mense nie so swaar getref deur Depressie nie omdat hulle gewoond was aan armoede. (Bron 2B)
- Swart deelboere het arm gebly omdat hulle afhanklik was van plaaseienaars (Bron 2B)
- Swart Amerikaners kon identifiseer met armoede van blankes en daarom het hulle die blankes voorsien van kos (Bron 2B)
- Rooi Kruis het verligting gebring maar dit was nie voldoende nie (Bron 2C)
- Staat (Alabama) se maatreëls het nie die behoeftes van die bevolking aangespreek nie (Bron 2C)
- Amerikaanse onderwys het in duie gestort (Bron 2C)
- Amerikaners vra vir onmiddellike regeringshulp om werkloosheid te bekamp
- Depressie het tot grootskaalse werkloosheid gelei (Bron 3D)
- Amerikaanse Kamer van Koophandel kon nie die werkloosheidsprobleem oplos nie
- Enige ander relevante antwoord (6)

Kopiereg voorgehou 

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

| | KRITERIA | PUNTE |
|---|---|---|
| **Vlak 1** | • Gebruik bewyse op elementêre wyse.<br>• **Toon geen of min begrip van die impak van die Groot Depressie op die lewens van Amerikaners in die 1930's.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie | **0–2** |
| **Vlak 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp.<br>• **Toon 'n mate van begrip van die impak van die Groot Depressie op die lewens van Amerikaners in die 1930's.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf | **3–4** |
| **Vlak 3** | • Gebruik relevante bewyse.<br>• Toon 'n deeglike begrip **van die impak van die Groot Depressie op die lewens van Amerikaners in die 1930's.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon. | **5–6** |

(6)

**[50]**

## VRAAG 3: IDEES VAN RAS IN DIE LAAT 19DE EN 20STE EEU

## SLEUTEL VRAAG: HOE WAS DIE JODE IN DUITSLAND VERVOLG?

3.1 3.1.1 [*Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Na die nasionale magsoorname in 1933 (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Omskrywing van historiese begrippe uit Bron 3A – V1]*
- Intense haat en teenkanting van Jode.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3. *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- Duitse armoede
- Die hiperinflasie in die Weimer-republiek
- Duitse werkloosheid
- Die nederlaag van die Eerste Wêreldoorlog (Enige 3 x 1) (3)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Dit was moeilik om ŉ Jood te identifiseer
- Die Duitsers self kon nie ŉ definitiewe/bepalende omskrywing van ŉ Jood gee nie
- Die kriteria wat hulle gevolg het om Jode te identifiseer was wisselvallig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Jode het in armoede verval
- Jode het tweedeklasburgers van Duitsland geword
- Baie Jode het werkloos geword
- Verlies aan inkomste het tot laer lewensstandaard gelei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.1.6 *[Evaluasie van bewyse uit Bron 3A – V3]*
- Sy behandeling kan as diskriminasie beskou word
- Sy behandeling was ŉ skending van menseregte.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Hulle was gedwing om ŉ kenteken in die vorm van ŉ geel ster as identifikasiemiddel te dra (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- Om Jode te verneder
- Om hulle vir segregasie en diskriminasie uit te ken (2 x 1) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Daar was te veel Jode wat in aanhouding was.
- Hy wou hulle elimineer sonder dat die publiek daarvan bewus was.
- Om hul dwangarbeid in die gevangenis uit te buit
- Dit was deel van Hitler se Finale Oplossing
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

Kopiereg voorgehou 

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Hitler wou die Jode as 'n nasie uitwis
- Hitler het miljoene Jode na konsentrasiekampe gestuur
- Miljoene Jode is in die konsentrasiekampe vermoor
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie en analise van Bron 3C –V-2]*
- Om Hitler se beleid van identifikasie en diskriminasie uit te beeld
- Om uit te wys hoe Jode uitgeken was aan die Ster van Dawid
- Om uit te wys dat selfs kinders onderworpe was aan hierdie beleid van diskriminasie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Vergelyking van bronne om ooreenkomste te bepaal – V3]*
- Beide bronne wys dat Jode uitgeken was aan die Ster van Dawid
- Beide bronne wys dat selfs kinders onderworpe was aan hierdie identifiseringsproses
- Beide bronne toon dat daar teen Jode gediskrimineer was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- 'Vergassing' (1 x 1) (1)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Om 'n moontlike opstand te voorkom
- Om te verseker dat hulle nie weet dat hulle vermoor sou word nie
- Om enige vorm van weerstand te vermy
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Jode moes klaarblyklik hul klere uittrek om te stort
- Jode was in gaswaens geplaas
- Jode was vergas (3 x 1) (3)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Om die bewyse te vernietig
- Hulle wou die menseslagting 'n geheim hou
- Duitsland was besig om die oorlog te verloor en daarom het hulle die kamp vernietig
- Hulle wou nie hulself aan vervolging blootstel nie
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
- Jode in Duitsland was baie sleg behandel (Eie kennis)
- Daar was teen Jode gediskrimineer (Bron 3A)
- Jode was geblameer vir al Duitsland se probleme (Bron 3A)
- Anti-Semitiese wette afgekondig wat teen Jode gediskrimineer het (Bron 3A)
- Jode verban uit regeringsposte en hoer posisies (Bron 3A)
- Jode slegs toegelaat om ongeskoolde arbeid te verrig (Bron 3A)
- Jode word tweedeklasburgers van Duitsland (Bron 3A)
- Joodse besighede verwoes (Eie kennis)
- Jode blootgestel aan identifikasie vir vernedering en diskriminasie (Bron 3B)
- Jode uitgeken aan die Ster van Dawid (Bron 3B en 3C)
- Joodse kinders en babas was ook aan die identifikasieproses onderwerp (Bronne 3B en 3C)
- Jode na konsentrasiekampe gestuur – Chelmno (Bron 3D)
- Jode vergas in massa getalle by konsentrasiekampe (Bron 3D)
- Joodse besittings aan Duitsers gegee of verkoop (Bron 3D)
- Konsentrasiekampe deel van Hitler se Finale Oplossing (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord. (6)

Gebruik die onderstaande rubriek om ŉ punt toe teken.

| | **KRITERIA** | **PUNTE** |
|---|---|---|
| **Vlak 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse.<br>• **Toon geen of min begrip van hoe die Jode in Duitsland vervolg was.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie | **0–2** |
| **Vlak 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp.<br>• **Toon ŉ mate van begrip van die hoe die Jode in Duitsland vervolg was.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **3–4** |
| **Vlak 3** | • Gebruik relevante bewyse.<br>• **Toon ŉ deeglike begrip van die hoe die Jode in Duitsland vervolg was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon | **5-6** |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: KOMMUNISME IN RUSLAND, 1900–1940

SINOPSIS

Hierdie vraag vereis dat die kandidaat moet sê tot watter mate Stalin suksesvol was om Rusland tot ŉ supermoondheid te omskep. Die fokus moet op die Eerste en Tweede Vyfjaar Planne wees en die argument moet aandui tot watter mate hierdie veranderinge Rusland tot ŉ supermoondheid sou omskep.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- **Inleiding**: Die kandidaat se inleiding moet die vraag beantwoord – *Stalin het tot ŉ groot mate daarin geslaag om Rusland tot ŉ supermoondheid teen 1939 te omskep.*

UITBREIDING
- Stalin geglo dat supermoondheid status slegs bereik kan word deur volledige staatsbeheer van die ekonomie
- Stalin het landbouopbrengs verhoog om die groeiende bevolking te voed
- om meer landbou werkers vry te maak vir industrie
- om uitvoere te vermeerder ten einde ingevoerde masjinerie en goedere te koop
- Plase was gekollektiviseer om kolkhoz (kollektiewe plase) en sovkhoz (staatsplase) te vorm
- Kleinboere het masjinerie gedeel en die plase saam bewerk
- Op die manier word baie grondlose kleinboere staatswerkers
- Kulakke het hulle verset teen kollektivisering – lei tot afname in landbouproduksie
- Kulakke is uitgeroei as ŉ klas en kollektivisering is afgedwing
- Kleinboere is toegelaat om hul eie private stuk grond te besit waar hulle self kon werk
- Staat het meeste van die opbrengs gekoop en produksievlakke het begin styg
- *Stalin was definitief tot ŉ groot mate suksesvol om Rusland tot ŉ supermoondheid teen 1939 te omskep.*
- Staat voer opbrengste uit en verkoop opbrengste teen hoër pryse
- Op hierdie manier het die staat die kapitaal verkry om die industriële ontwikkeling van Rusland te finansier
- Teen 1939 was kollektivisering voltooi en dit sou verseker dat die industriële ontwikkeling van Rusland sou plaasvind
- Doel van industriële ontwikkeling was om Rusland onafhanklik te maak van kapitalistiese lande
- Klem op die ontwikkeling van swaar nywerhede – yster en staal
- Klem op die ontwikkeling van verbruikersgoedere en ontwikkeling van vervoer netwerk om industriële sentrums te dien
- Nuwe dorpe en fabrieke is opgerig
- Magnitogorsk – ŉ nuwe industriële dorp was gestig
- Fabrieke vervaardig volgens staatskwotas
- Propaganda is gebruik om werkers te inspireer en om die belangrikheid van saam werk vir ŉ beter toekoms te beklemtoon.

- Steenkool is ontgin – om yster en staal te smelt
- 1 500 nuwe fabrieke gebou
- Werkers het lang ure gewerk
- Dnieper-dam – hidro-elektriese kragstasie gebou
- Groot dorpe en nywerheidsentrums is gebou
- Meer kleinboere het na die stede verhuis (verstedeliking)
- Verpligte onderwys het ŉ geskoolde werksmag geskep
- Alle kinders tussen 3 en 16 het verpligte onderwys ontvang
- Dit het die jeug met kommunistiese oortuigings geïndoktrineer
- Woonstelle is gebou om die behuisingstekort op te los
- Motors is in Moskou gebou
- Olie is by Baku ontdek
- Die bou van netwerke van teerpaaie en kanaalstelsels om riviere in te rig vir praktiese navigasie het noodsaaklik geword.
- Stalin het aanmoediging, dissipline en terreur gebruik om sy doel te bereik
- Teen 1940 was Rusland die wêreld se tweede grootste industriële mag
- Nywerheid het nou meer as 70% tot die land se nasionale inkomste bygedra

**Slot**: Kandidate moet die argument saamvat met ŉ relevante gevolgtrekking met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem was.

*Stalin was definitief tot ŉ groot mate suksesvol om Rusland tot ŉ supermoondheid teen 1939. te omskep.* **[50]**

## VRAAG 5: KAPITALISME IN DIE VSA, 1900–1940

SINOPSIS
Die kandidaat kan saam met die stelling stem of gedeeltelik saamstem en die redes daarvoor verduidelik. Kandidate moet op die ekonomiese probleme en die oplossing daarvan fokus ten einde hul gedagtegang te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Die kandidaat kan saamstem of gedeeltelik met die stelling saamstem. *Roosevelt se Nuwe Bedeling het daarin geslaag om die ekonomiese probleme van Amerika op te los want hy het die ekonomie gered deur werk te skep vir miljoene Amerikaners, die vertroue in die bankwese te herstel en het hoop en optimisme vir miljoene Amerikaners gebring*.

**OF**

- *Roosevelt se Nuwe Bedeling het gedeeltelik daarin geslaag om die ekonomiese probleme op te los want dit het verligting en hoop gebring maar dit het definitief nie al die probleme opgelos nie.*

UITBREIDING

- Verligting – om die lewens van mense te verbeter
- Hervorming – om die omstandighede te verander om toekomstige vordering te verseker
- Herstel – herbou die Amerikaanse bedryf en handel
- Noodbankwet – herstel vertroue in banke
- FERA – geld opsy gesit vir verligting vir armes
- CCC – verskaf werk vir duisende werkloses
- Wet op Openbare Werke – het werk geskep deur die bou van paaie, hospitale, skole en huise.
- AAA – betaal boere om minder te produseer
- Nasionale Herstelwet – het kodes van billike mededinging, minimum lone opgestel
- TVA – het damme gebou om vloede te voorkom en bome geplant om gronderosie te voorkom
- Huiseienaars Leningskorporasie – help mense wat in gevaar was om hul huise te verloor
- Wet op Maatskaplike Sekuriteit – ouderdomspensioene, werkloosheidsvoordele
- Wagnerwet – het vakbonde toegelaat
- Werk Vordering Administrasie – akteurs en musikante
- Kritiek van die Nuwe Bedeling

**Slot**: Kandidate moet die argument met 'n gepaste gevolgtrekking saamvat met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem was. **[50]**

Kopiereg voorgehou 

## VRAAG 6: IDEES OOR RAS IN DIE LAAT 19$^{de}$ EN 20$^{ste}$ EEU

SINOPSIS

Die kandidaat moet die stelling krities bespreek deur op die sleutelwoorde in die stelling te fokus. Die impak van Sosiale Darwinisme en Eugenika op die inheemse bevolking moet deeglik bespreek word.

HOOFASPEKTE

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- **Inleiding:** Die inleiding moet op die stelling fokus. *Die pseudo-wetenskaplike teorieë van Sosiale Darwinisme en Eugenetika het inderdaad 'n negatiewe invloed op die inheemse bevolking van Australië gehad want in die implementering daarvan was baie Aborigenes uitgemoor tot op die punt van amperse uitwissing.*

UITBREIDING

- Die inheemse of 'eerste mense' van Australië is deur die Britse setlaars as 'Aborigines' bestempel.
- Aborigine is 'n Latynse woord van 'ab' wat oorsprong beteken, en 'origine' wat van die begin af beteken.
- Hulle vorm ongeveer 2,5% van die moderne Australiese bevolking.
- Die Aboriginale bevolking van Australië ten tyde van die Europese nedersetting is geskat op tussen 300 000 en soveel as 1 miljoen.
- Hulle het in klein gemeenskappe gewoon met sosiale en godsdienstige gebruike.
- Soos alle ander samelewings, het hul tegnologie, voedsel en jagpraktyke verskil volgens die plaaslike omgewing.
- Diegene wat tradisionele aspekte van die Aboriginale lewe beoefen, woon tans in woestyngebiede waar die Europese nedersetting baie min is.
- Sedert die laat agtiende eeu, tydens die magtige en imperialistiese Britse verowering, is die inheemse bevolking van hul land onteien en het in baie groot getalle gesterf.
- Die Britte het hul kolonisasie van Australië in 1788 begin.
- Die uitwissing van inheemse bevolking het die uitbreiding van hul grens vergesel.
- Alhoewel baie inheemse gemeenskappe teen die setlaars in verset gekom het, het die Aboriginal-inwoners van Australië een van die grootste pogings tot uitwissing in die geskiedenis ondervind.
- Tussen 1788 en 1900 is die inheemse bevolking van Australië met 90% verminder.
- Die verdwyning van die Aborigines in die suidooste van Australië was so vinnig dat daar geglo word dat hulle almal binnekort sou uitsterf.
- Afgesien van die verlies van toegang tot land, en dood deur geweld, het aansteeklike siektes soos waterpokkies, pokke, griep en masels baie laat sterwe.
- Inheemse Australiërs het 'n diep spirituele en kulturele verbintenis met die land, toe hulle gedwing was op pad te gee, het dit die sosiale samehorigheid ontbind.
- In die eerste deel van die twintigste eeu was die rasse-teorieë van Sosiale Darwinisme in Australië gewild en is dit is gebruik om die setlaars se behandeling van die inheemse Australiërs te regverdig, as 'primitief' en 'minderwaardige ras'.
- Die Aborigines Protection Act 1909 het kampe opgerig om plek te maak vir die 'gedoemde ras om uit te sterf', aangesien Aborigines 'onvermydelik sou uitsterf'.

- Die setlaars beleid het toegelaat dat baie Aborigines soos proefdiere behandel word.
- In die 1920's en dertigerjare is duisende inheemse bevolking in gemeenskappe regoor Australië onderworpe aan 'wetenskaplike' ondersoek na breinkapasiteit en skedel/kranium/kopbeen grootte.
- Kinders van gemengde Aboriginale en Europese afkoms is as 'half-basters' bestempel en as 'n bedreiging vir die sogenaamde 'rassuiwerheid' beskou.
- 'n Beleid gebaseer op die eugenetiese teorie het hierdie kinders van hul ouers weggeneem om 'die swartheid uit hulle te teel'.
- Tussen 1910 en 1970 is tot 100 000 Aboriginale kinders met geweld van hul gesinne geneem.
- Daar is nie aan ouers gesê waar hul kinders was nie en hulle kon nie opgespoor word nie, en daar was aan die kinders gesê dat hulle weeskinders is.
- Die rassistiese regering het aanvaar dat die Aborigines besig was om uit te sterf, wat die 'probleem' sou oplos.
- Die 'assimilasieprogram' is ingestel om dié van gemengde afkoms uit te skakel.
- Dit is gedoen deur Aboriginale kinders uit hul gesinne te verwyder.
- Hierdie kinders word dikwels die 'Gesteelde Generasies' genoem. Die setlaarsbeleid het geglo dat wit, Christelike gesinne en koshuise die beste omgewing was om Aboriginale kinders groot te maak.
- Hulle het geglo dat wat hulle doen was 'om hulle te beskerm' en 'die beste vir hulle' was, of die kinders of hul ouers daarvan hou of nie.
- 'n Nasionale ondersoek is in 1995 uitgevoer en het bevind dat dwangverwydering van inheemse kinders 'n ernstige skending van menseregte was.
- Dit was rassediskriminasie en 'n daad van volksmoord.
- Die kwessie is uiters kontroversieel in Australië.

**Slot:** Kandidate moet die argument saamvat met 'n relevante gevolgtrekking met inagneming van die standpunt wat in die inleiding geneem was.
*Die pseudo-wetenskaplike teorieë van sosiale Darwinisme en Eugenika het inderdaad 'n negatiewe invloed op die inheemse bevolking van Australië gehad want in die implementering daarvan was baie Aborigenes uitgemoor tot op die punt van amperse uitwissing.*

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorgehou